

Maandag

Prediker 4: 9 – 12; Efesiërs 5: 21 – 35; Hooglied 7: 10 – 8:7. Teks: Hooglied 8:6

"Hou my teen jou soos die seëlring op jou bors, soos die seëlring aan jou arm."

Tema: 'Christus laat 'n man en vrou se liefde vir mekaar deur 'n huwelik eg, spontaan en vry wees.' Hierdie 3 Skrifgedeeltes beskryf elkeen 'n deel van die vereniging van man en vrou in die huwelik. Prediker beskryf die tasbare, aanvoelbare liggaamlikheid van die huwelik van twee saam teenoor een alleen. Die huwelik is 'n eenheid waarin jy nie selfaangewese en alleen is nie. Paulus beskryf die eenheid van man en vrou as 'n daad van God waarin Hy hulle een liggaam en een persoon maak, volgens Genesis 1. Hulle is een liggaam en een persoon, nie twee enkelinge saam nie. In Hooglied 8: 6 word hierdie eenheid van man en vrou verwoord in die liefdesverklaring van die bruid: "Ek behoort aan die man wat ek liefhet en dit is na my dat hy smag."- 7:10. Hierdie liefdesverklaring binne die huwelik verwoord alles wat liefde is binne die vereniging van man en vrou in die huwelik volgens Genesis 1. Die woorde van Genesis 1, dat 'n man sy pa en ma se huis sal verlaat, word in Hooglied in liefdestaal verwoord in die bruid se versugting tot hierdie eie tuiste vir hulle liefde in die wens dat haar man haar broer was en hulle van kleins af in dieselfde huis kon bly. Sy wil een wees met hom in wie hy is vandag, more en tot in sy kinderjare (verlede) was. Die huwelik se karakter maak die liefde wat God tussen man en vrou gee, eg, spontaan en vry. Dit is 'n vrye daad. Dit word gegee en kan net as gawe ontvang word, soos die bruid dit stel: daar sal ek my liefde vir jou gee. Dit is 'n daad uit innerlike opregtheid en met spontaniteit wat die bruid laat sê: "11 Kom, man wat ek liefhet, kom ons gaan veld toe, kom ons gaan slaap in die dorpies;" wat beteken kom ons los al die groot swier en pronk van 'n koninklike troue, kom ons los die styfheid van die koninklike hof en wees spontaan lief terwyl ons as gewone mense sommer net rondtoer. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus.

Dinsdag

Prediker 4: 9 – 12; Efesiërs 5: 21 – 35; Hooglied 7: 10 – 8:7. Teks. Hooglied 8:6

"Hou my teen jou soos die seëlring op jou bors, soos die seëlring aan jou arm."

Tema: 'Christus laat 'n man en vrou se liefde vir mekaar deur 'n huwelik eg, spontaan en vry wees.' Hooglied is liefdesliedere tussen koning Salomo en 'n eenvoudige plaasmeisie. Dis ongekunsteld en heeltemal anders as die mags- en politieke kontrakte van al die ander sake-huwelike van Salomo. Liefde tussen man en vrou is 'n daad van vryheid, opregtheid en spontaniteit - nie van mag en vasgevangenskap nie. Die woorde van 8: 5 en 6 "Ek het jou wakker gemaak onder 'n appelboom", is die woorde wat die bruid en bruidegom vir mekaar sê na die huwelikeremonie verby is en met die bruidskar wegry. In hul eerste privaatheid vertel hulle vir mekaar dan in verwondering hoe die liefde wat tot hierdie dag gelei het, begin het. Dit het alles begin onder die appelboom by sy ma se huis. Daar waar hy gebore is en as kind grootgeword het, het die koning haar ontmoet en het hulle liefde spontaan en eg begin. Haar woorde wys hoe sy, sy verwekking as kind en wat in hulle ontvlam het as één gebeurtenis ervaar (hoewel dit nie kronologies een kon wees nie). Sy bedoel

daarmee dat van sy geboorte af was hulle al bedoel om man en vrou vir mekaar te wees. Die wyse waarop sy hom in die bruidskar vra om haar net vas te hou, wys die karakter van hierdie liefde: "Hou my teen jou bors!" Wat hulle in hierdie omhelsing vind, stel sy in die woorde: soos die seëling wat jy om jou nek teen jou bors en om jou arm dra. Sy seëling was wat ons vandag noem ons "handtekening". Hiermee bevestig en bekragtig hy uiterlik wie hy innerlik is. Hy bevestig en bekragtig so sy liefde as man met alles wat hy in sy identiteit as man is. Hierdie omhelsing bevestig alles wat hulle innerlik vir mekaar is: hulle deel een identiteit, een persoon, een toekoms, een tuiste en een liggaam in hul huwelik. Hulle sal nooit weer twee op hul eie of alleen wees nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Woensdag

Prediker 4: 9 – 12; Efesiërs 5: 21 – 35; Hooglied 7: 10 – 8:7. Teks. Hooglied 8:6:

"Hou my teen jou soos die seëling op jou bors, soos die seëling aan jou arm."

Tema: 'Christus laat 'n man en vrou se liefde vir mekaar deur 'n huwelik eg, spontaan en vry wees.' Die krag en karakter van hierdie eenheid tussen man en vrou word met twee teenstellende beelde beskryf:

a. die koudheid van DOOD en

b. branding van VUUR .

a. Die krag van hierdie liefde is sterker as die mag en vrees vir die dood, sekerder as die sekerheid van die dood, beslist as die werklikheid van die dood en ingrypend as die vernietigende werking van die dood.

b. Die egtheid, vryheid en spontaniteit van die liefde tussen man en vrou word die vlam van die Here genoem: dit is 'n gawe van God wat ontstaan soos enige vuur. In ons taal soos 'n kernkragvuur: geen oseaan of rivier se water kan die branding daarvan stop as dit eers begin het nie.

God laat hierdie onweerstaanbaar en onuitwisbaar werk. Drie keer kom die oproep in Hooglied om nie die liefde op te wek wanneer dit die liefde nie behaag nie. Dit is nie 'n moralistiese reël van wanneer mag jy wat en hoe met mekaar doen nie! Dit is 'n waarskuwing dat hierdie liefde wat God as vlam gee nie kunsmatig opgewek kan word deur dwang, uitlokking of nabootsing nie. Dit is 'n gawe van God tussen man en vrou wat net gegee en ontvang kan word. Jy kan dit nie opdwing aan 'n ander, nooit daartoe uitgelok of daartoe verlei word nie. Liefde word in mekaar gevind. Hierdie liefde kan ook nie voorgehou word en nagmaak word as dit nie as gawe daar is nie. Sóú jy liefde kon opdwing, opwek, namaak of uitlok, dán sou dit iets gewees het wat jy met geld kon koop. Want met geld kan jy dinge opdwing, opwek, namaak en uitlok. Maar omdat liefde 'n gawe van God is wat net gegee en gedeel kan word, word enige poging om dit met geld te begin, aan te hou of te verseker – selfs deur so 'n "huwelik" deur hulle kinders geminag! Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus.

Donderdag

Prediker 4: 9 – 12; Efesiërs 5: 21 – 35; Hooglied 7: 10 – 8:7. Teks. Hooglied 8:6:

"Hou my teen jou soos die seëlring op jou bors, soos die seëlring aan jou arm."

Tema: 'Christus laat 'n man en vrou se liefde vir mekaar deur 'n huwelik eg, spontaan en vry wees.' In Efesiërs 5 verkondig Paulus hoe ons eenheid met Christus ons altyd weer die krag sal gee om in die huwelik liefde eg, spontaan en vry vir mekaar te kan gee. Dit is juis die huwelik wat máák dat elkeen se sonde deel word van die ander. Sonde gryp diep in hierdie vereniging van man en vrou in want in hierdie eenheid is sy/haar sondes my verlies en skade in persoon, inkomste, toekoms, tuiste en liggaam. In hierdie eenheid is elkeen se gebrek en te kort die ander se gebrek en tekort. Juis in hierdie nabyheid as man en vrou verloor liefde maklik sy egtheid, spontaniteit en vryheid deur hierdie verlies in mekaar – ons deel mekaar se sondes. Skade en verlies, maak dat man en vrou mekaar oordeel, beskuldig, verwyt en verkleineer en dit maak dat jy weer soek na daardie sogenaamde "foutlose een". Dit is wat Christus se verlossingswerk in die huwelik beteken: om liefde weer eg, spontaan en vry te maak van skuld en ontvlugting. Paulus sê die wyse waarop jy mekaar as man en vrou in Christus moet aanvaar, is só:

1. sonder vlek en rimpel

2. heilig en onberispelik. Waar vind 'n mens so 'n man? Hy maak nie skandes nie, maak nie foute nie, doen niks om oor te raas nie!? Waar vind 'n mens so 'n vrou? Volkome in liefde en altyd reg, onberispelik!? Hierdie man en vrou vind jy net in Christus! Só moet elke gelowige sy of haar eggenoot aanvaar, want dit is wie Christus elkeen laat wees in hulle eenheid met Hom: Hy is altyd die een wat ons skande, foute, oortredings en gebreke sy eie gemaak het. Daarom moet geliefdes mekaar só in Christus elke dag aanvaar en ontdek: in Christus en vir mekaar sonder vlek of rimpel of iets dergeliks, heilig en onberispelik. Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus.

Vrydag

Prediker 4: 9 – 12; Efesiërs 5: 21 – 35; Hooglied 7: 10 – 8:7. Teks: Hooglied 8:6:

"Hou my teen jou soos die seëlring op jou bors, soos die seëlring aan jou arm."

Tema: 'Christus laat 'n man en vrou se liefde vir mekaar deur 'n huwelik eg, spontaan en vry wees.' Liefde is heilig. Liefde is en wil altyd volkome wees soos liefde bedoel is om heel te wees. Liefde kan nie halfhartig of dubbelsinnig wees nie. Liefde is smetloos. Dit vervul alles en kan niks besmet met mag of wins nie. Liefde is reg en opreg. Dit is en wil nooit vals of verkeerd wees nie. Daarom is liefde as toewyding aan mekaar as man en vrou in die huwelik eg, spontaan en vry wanneer dit heilig, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks is. (Efesiërs 5: 26) 'n Man of vrou kan nie self vir mekaar só wees of mekaar só maak in die huwelik nie. Romanse en fantasie vir en oor mekaar, kan net werk as hulle nie werklik met mekaar verenig is nie, maar net ver bly of saambly. Die ontkenning en/of verskonings waarmee man en vrou mekaar se liefde heilig en reg PROBEER hou, is ook nie binne die nabyheid van die huwelik moontlik nie. Die naakte werklikheid van mekaar as man en vrou se eie onheiligheid, smet en rimpels, laat die egtheid, spontaniteit en vryheid van liefde binne die huwelik verlore gaan. Nóg opwinding, mooi oomblikke, nuwe ervarings, sensasie of kinders kan nie die toewyding van liefde weer terugbring nie. Daarom

soek baie dan liefde in die moontlikheid van 'n nuwe foutlose mens in sy of haar lewe – om weer die toewyding van liefde te vind. Maar... nét Christus - en nie ons nie! - maak ons liefde elke dag weer heilig, sonder smet en reg deur ons in te sluit in wie Hy as mens in die hemel vir ons in ons plek is. Wie sy vrou of haar man se vereniging met Christus vir hom of haar glo, vind dat hulle liefde ook elke dag weer vir mekaar heilig, sonder smet en onberispelik gemaak word deur Christus. In hierdie geloof vind man en vrou hul liefde elke keer weer as eg, spontaan en vry vir mekaar in die huwelik. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus.